**Saam boer ons vooruit**
**Together cultivating success**
www.laeveld.co.za



# Wiaan Pretorius


## Area: Marble Hall

**T: 076 034 6461 / E: wiaan@laeveld.co.za**


**Gewasse:**
Sitrus en druiwe

**Aanbieding:**
Oesbeskerming, plantvoeding, presisiedienste

Wiaan Pretorius het in Balfour, Mpumalanga, grootgeword en aan die Hoër Volkskool Heidelberg gematrikuleer. Sy pa was nog altyd in die landbousektor betrokke en Wiaan het gedurende skoolvakansies baie tyd saam met hom deurgebring op die plaas.

Ná skool het Wiaan vir 'n B.Sc.-graad in Omgewingswetenskappe by die Noordwes Universiteit studeer en ook sy B.Sc.-honneursgraad behaal. Hierna was sy eerste werk by 'n maatskappy wat in huis- en tuinchemikalieë spesialiseer. Hy het ook sy CropLife-kwalifikasie voltooi.

Daarna het hy as 'n area-verteenwoordiger in die sitrusuitvoerbedryf gewerk. Gedurende dié tyd het hy al meer daarin begin belangstel om 'n landboukundige te word en om sy passie vir die tegniese kant van landbou uit te leef. In 2019 kry hy die geleentheid om by Agri Technovation aan te sluit, waar hy baie kennis as Landboukundige/Grondkundige opgedoen het.

Wiaan en Vidette is in 2021 getroud en hulle het twee pragtige dogtertjies, Mia en Luna. Wiaan beskryf homself as 'n familieman wat baie daarvan hou om tyd saam met sy gesin te spandeer. Verder is hy 'n kranige gholfspeler wat dit vreeslik geniet om in die buitelug te wees; hy geniet ook jag en visvang.

***Die omgewing waar hy gaan werk, sluit Marble Hall, Groblersdal en die Springbokvlakte in. "In 'n gebied soos die Loskop-skema word 'n groot verskeidenheid gewasse geproduseer. Dit beteken dat ons 'n wye fokus moet hê, maar terselfdertyd ook moet spesialiseer," vertel hy.***

**Volgens Wiaan is 'n goeie balans tussen plantvoeding en gewasbeskerming die sleutel tot sukses. "Ek wil my ondervinding in grondkunde en plantvoeding met die gewasspesialiste by Laeveld Agrochem se kennis kombineer om 'n bydrae in alle aspekte van die gewas se leeftyd te lewer. Dit maak my opgewonde om in so 'n dinamiese en uiters belangrike sektor te kan leef en werk."**


**Laeveld Agrochem verseker opbrengs-optimalisering volgens elke produsent se spesifieke behoeftes.**
Ons gekwalifiseerde landboukundiges, wat ondersteun word deur 'n groot span tegniese spesialiste, het die kennis en kundigheid om met die volledige spektrum van gewasbeskerming, grondoplossings en plantvoeding, die beste advies te gee.